NUWE KULTIVAR IS VOL BELOFTE

Belinda, 'n belowende nuwe Europese kanolakultivar wat dalk die huidige topkultivars kan onttroon, is nou in klein hoeveelhede in Suid-Afrika beskikbaar.

Volgens mnr. Callie Krüger, bestuurder van Bayer se saadafdeling, is Belinda 'n nuwe, konvensionele baster met uitstekende saailing-groeikragtigheid.

Dit het 'n goeie staanvermoë en lewer 'n opbrengs wat "vergelykbaar is met en beter is as die topkultivars in Suid-Afrika". Die saad is ook reeds met die saadbehandeling Galmano behandel.

"Hy het homself die afgelope twee jaar baie goed in proewe bewys," het Callie tydens Bayer se kanola-inligtingsdag naby Swellendam gesê. Die kultivar het ook sy staal gewys in die nasionale kanolaproefresultate van mnr. Piet Lombard van die Wes-Kaapse departement van landbou, en het verlede jaar die grootste opbrengs gelewer.

"Opbrengs is egter nie die alfa en omega nie. Jy moet 'n kultivar oor 'n paar jaar toets, want daar is baie klimaatstoestande en plantdigthede wat 'n rol kan speel, maar Belinda is reeds in die topkategorie genoem," sê Callie.

Belinda se olie-opbrengs en -inhoud is hoog en die glukosinolaat-inhoud laag. Die kultivar blom vroeg en het 'n medium groeityd. Dit bied goeie weerstand teen omval en het 'n mediumhoë duisendkorrelmassa.

Krüger sê daar is vanjaar net 500 sakkies van 10 kg elk van die saad beskikbaar ('n sakkie bevat sowat 2,5 miljoen sade). Dit word versprei deur Overberg Agri, SSK en Kaap Agri. – LUCILLE BOTHA

Die nuwe kanolakultivar Belinda troon uit bo 'n konvensionele kultivar.